Geagte Ouers

INSKRYWING 2010 – GRAAD 1 - 7

1. Dit is vir ons 'n voorreg om die Aansoek Pakket, vir toelating tot ons skool, aan u beskikbaar te stel. Klik op die Inskrywingspakket, druk al die betrokke dokumente (Toelatingsvorm, Debietordervorm, Finansiële onderneming, Visuele Siftings vorm, Vertroulike Inligting Re: Kind en Snoepwinkel vorm) uit. Voltooi, teken en heg al die nodige dokumente aan, en bring dit na die inskrywingskantoor by die skool. Toelating sal slegs oorweeg word, sodra alle betrokke dokumente voltooi, geteken en ontvang is.

2. Die voltooide Aansoekpakket moet die inskrywingskantoor nie later as Woensdag, 12 Augustus 2009 bereik nie. Na hierdie datum word u kind se naam op 'n waglys geplaas. Indien u kind in ons skool aanvaar word, sal u skriftelik daarvan verwittig word, voor/op Vrydag, 25 September 2009.

3. Sou u buite die skool se grensgebied woon, sal u aansoek ook op 'n waglys geplaas word. Toelating is dan onderhewig aan 'n plek in die onderskeie klasse. Hierdie gebiede is **Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels, De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof en Oude Westhof**. Leerders op die waglys, sal teen Woensdag, 14 Oktober 2009 in kennis gestel word van aanvaarding in ons skool.

4. **Finansiële Verpligting**:

4.1 Skoolfooie (Skoolrekening): Die skoolfooie word jaarliks deur die Bestuursliggaam bepaal. Tans beloop dit R9 980 per leerder per jaar en is per debietorder, oor tien maande betaalbaar (1 Februarie – 1 November). Indien u die volle bedrag teen Vrydag, 05 Februarie 2010 betaal, kan u aanspraak maak op 'n korting. Die skoolfooie vir die jaar 2010 word bepaal op 'n Begrotingsvergadering, wat aan die einde van die jaar sal plaasvind.

4.2 Keuse- en Kostevorm (Trustrekening): Hierdie Keuse- en Kostevorm sal op Oriëntasiedag, uitgehandig word. Die heffings vir die Keuse- en Kostevorm sal aan die einde van elke jaar hersien word. Ouers word verplig om alle heffings vooruit te betaal deur middel van die skool se debietorderstelsel. Indien die heffings verander, sal u debietorder ooreenkomstig aangepas word. Ouers sal skriftelik van so 'n aanpassing in kennis gestel word.

5. Sou u aansoek suksesvol wees:

Oriëntasiedag:	Graad 1:	Vrydag, 06 November 2009
	Graad 2 – 7:	Dinsdag, 12 Januarie 2010

Verdere inligting aangaande oriëntasiedag en die voorbereiding vir die nuwe jaar, sal deel uitmaak van u aanvaardingsbrief. Skool open op Woensdag, 13 Januarie 2010.

Ons vertrou dat u kind se leerervaring by Kenridge gelukkig en opvoedkundig stimulerend sal wees. Indien u ooit sake rakende u kind met my wil bespreek, sal ek u met graagte ontvang.

Die uwe

G.V. Albrecht
Skoolhoof